DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**17 Oktober 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jesaja 61: 1 - 11 en Lukas 4: 16 - 22 |
| **Teks** | Jesaja 61: 1 - 4, 6 - 8 |
| **Sang** | Psalm 147: 1, 2<br>25: 2, 3<br>115: 7, 8<br>Skrifberyming 8-1: 1,2<br>18-6: 1, 2, 4 |

Soos water ‘n potplant wat uitgedroog is, weer nuwe lewe gee, so gee die Gees van die Here vir ons nuwe krag en moed. Jes 61: 3 se simboliek sluit hierby aan. Die Here verander die verslae volk in: “Bome van geregtigheid, geplant deur die Here om Hom te verheerlik. Goeie nuus in ons tyd is nogal skaars. En dié wat daar is, hou gewoonlik nie lank nie. Dit waai gou oor en al die slegte nuus oorspoel ons weer. Israel het ín die ballingskap na goeie nuus gesmag.

Hulle was platgeslaan deur aanhoudende slegte nuus. Maar dan klink hierdie verrassende lied in Jes 61 op. Dit is goeie nuus wat van God self af kom. Dit is ‘n woord vir gebrokenes van hart. God sien die gebrokenes raak. Hy verstaan hulle. Hulle ontvang selfs ‘n nuwe naam: Bome van redding. Dis ‘n beeld vir stabiliteit, vitaliteit en betroubaarheid.

Gelowiges is die Here se dienaars wat bouend, helend en genesend in die koninkryk moet werk. God se nuwe wêreld moet in en deur nuwe mense, nuwe verhoudings en nuwe strukture sigbaar word. As ons dié goeie nuus gehoor het – góéd gehoor en ons eie gemaak het – het ons alles wat nodig is om getroos te lewe en te sterwe.

Eeue later kom Jesus, die Seun van God. In Luk 4:21 lees ons hoedat Hy die boekrol in die sinagoge gevat het, en hierdie boodskap voorgelees het: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul." Want Hy kom om gebrokenes van hart te genees. Daarom het die volk na Hom gestroom: die verwerpte en die armes; die siekes en die onreines; die slegtes en die versteurdes; die wat hulle sonde erken en bely. Nooit het Jesus hulle weggewys nie. In Mat 9:36 lees ons hoedat Jesus elke soort siekte en kwaal gesond gemaak het, en dan staan daar: "Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie". Dit is hoe Jesus kyk na die mense – dit is hoe God na die mensdom kyk. Die skares mense wat loop, moedeloos en moeg is omdat hulle lewens nie sin maak nie en hulle geen vreugde ervaar nie. God is bewoë oor mense – en dit is die bewoë God wat praat in Jesaja 61. Hy is God wat intree in hierdie stukkende en deurmekaar wêreld, wat moedeloses opbeur, vrylating vir gevangenes aankondig, sy vyande straf maar almal wat treur vertroos.

Hulle wat in hierdie stukkende wêreld hierdie boodskap hoor, hulle jubel, want hulle weet hierdie verlossing is hulle deel. Laat hierdie wete van verlossing/heling deur Christus jou ook elke dag jubel en met ander oë na hierdie (stukkende) wêreld kyk? Deur Christus het ons 'n lewende hoop ontvang. Die Heilige Gees vestig weer die aandag op ons roeping. Kom ons wys en wees die verskil in hierdie land om God te eer.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons is baie dankbaar dat dit met Xander Weideman se besoek aan die dokter goed gegaan het. Daar is 'n probleem in sy hart agv die eerste operasie. Ons dra Reinhardt en Melanie aan die Here op om hulle in die geloof te versterk vir die pad vorentoe.
* Stienie Steynberg van Ons Tuiste is met kanker gediagnoseer en het met behandeling begin. Ons hoop dat dit sal goed gaan met haar en wens haar spoedige herstel toe.
* Baie geluk aan Leon en Welma Venter met die geboorte van 'n kleinseun. Mag hy tot 'n seën vir julle wees.
* Ons bid vir ons broers en susters wat siek is en wat onder behandeling is. Mag ons Vader julle elke dag dra en versorg. Sterkte aan al die versorgers.
* Seën vir ons ouers, kinders en leerkragte toegebid met die kort en intense kwartaal wat gebeur. Ons bid dat die matrieks hulle voorbereiding goed sal doen. Sterkte met die eksamen wat voorlê.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 17 OKT 2021

**Diensbeurt:** Wyk A3 **Katkisasie:** Graad 10

**Ouderling: Andre Bakker** **Diaken: Jaun vd Merwe**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal soos voorheen weer, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

## TEESKINKBEURTE




**17 Okt 2021** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*



*Leer my u pad,*
*Here, ek wil wandel in*
*u waarheid; leer my U met toewyding*
*dien.*
*Psalm 86: 11*



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 17 Okt | Ina Buys<br>Valerie O'Reilly | 53<br>53 | B<br>B | 071 171 5635<br>072 943 0973 |
| Ma 18 Okt | Gideon Hoogendyk | 5 | D | 082 695 0799 |
| Wo 20 Okt | Gary Carlisle | 49 | B | 082 745 7409 |
| Do 21 Okt | Francois Lessing<br>Jaco Nel<br>Burger Grobler | 67<br>51<br>39 | B<br>B<br>B | 083 627 4191<br>083 337 3486<br>082 787 2677 |
| Vr 22 Okt | Marisa Linde | 59 | B | 083 408 2100 |
| Sa 23 Okt | Andries Linde<br>Christiaan Hoogendyk | 59<br>40 | B<br>B | 083 250 3902<br>084 802 3323 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 21 Okt 1989 | Willie & Alwine Eilers | 32 | 082 585 5831<br>083 455 0544 |
| 23 Okt 1976 | Bennie & Sarie Bronkhorts | 45 | 082 819 9164<br>082 808 7670 |
| 23 Okt 2010 | Mario & Sheralyn Janse Van Rensburg | 11 | 084 785 3598<br>084 785 2598 |

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 18 Oktober | 18:15 | ***Pastorie*** | Finans Kommissie |
| 19 Okt ober | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 20 Okt ober | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 21 Okt ober | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 21 Okt ober | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |
| 19 Oktober | 10:30 | ***Kerk*** | Silwerdoppers |

# SILWERDOPPERS

Die ***Silwerdoppers*** kom weer op 19 Oktober by die kerk bymekaar vir 'n baie lekker en langverwagte kuiertjie.



Die kuiertjie begin om 10:00, direk na ***Bybelstudie.***

Bring asb 'n kampstoel en piekniek mandjie saam en kom ons kuier weer saam soos van ouds.

Hoop ons sien almal daar!!!!!

## ATTESTAAT UIT

Broer Fredrik Jacobus Greyling vanaf GK Pietersburg na GK Hartbeespoort.

## DIAKONALE DIENSWERK

Die Psalmboek (Bl 151) gee ‘n volledige beskrywing van die dienswerk van ‘n diaken.

Met dit ingedagte is die dienswerk van die diakonie binne die gemeente onderandere as volg:

13 gesinne word deur die diakonie versorg, die gesinne verteenwoordig 19 persone wat kleuters, skoolgaande kinders, volwassenes en bejaardes in sluit.

Die hulp wat die diakonie aan die gesinne lewer sluit onder andere in, maar nie beperk tot slegs; hulp met voedsel pakkie, ondersteuning met huur, mediese ondersteuning, ens.

Die diakonie se inkomste en uitgawes verskyn in die Basuin en wys duikelik dat die diakonie in die laaste 18 maande met groot oordeel en harde werk baie goed daarin geslaag het om hulle barmhartigheids diens vol te hou en hulp kon verleen aan almal wat hulp benodig het.

Die diakonie wil dan ook almal bedank vir hulle volgehoue hulp en bystand, want sonder die skenkings en hulp sou dit onmoontlik gewees het om volgehoue diens te lewer.

**BAIE DANKIE aan elkeen se hulp en bystand!!!!!**

# SUSTERS AFSLUITING 2021




Susters in die gemeente wat die funksie wil bywoon moet asb hulle name op die lys plaas agter in die voorprtaal. ***RSVP asb voor 15 Oktober 2021***. Skakel Nelie Badenhorst vir enige verdere inligting by 074 663 5377

# DIAKONALE KERSMARK




Die diakonie beplan om 'n **kersmark te hou op 27 November 2021** by die kerk, dit sal die laaste fonds insamelings poging wees van die diakonie vir die jaar.


Antoinette Suaermann is die sameroeper en enige voorstelle van uit diegemeente kan aan haar gegee word by 082 366 5041.


Ons weet dat die gemeente soos in die verlede weer die projek sal ondersteun en om daardie rede vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.

Lidmate kan skekings gee van:

- Ou klere,
- Bestandele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekkies, beskuit ens,
- Pannekoek bestandele soos meel, eiers en olie, suiker, kanneel ens,
- Handgemaakte items vir kers geskenke,
- Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.

**Almal se samewerking sal baie hoog op prys gestel word.**


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is.*

*Jesaja 61: 1*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS